Verwysing: 20210721-4514
Lêerno.: 12/17/11
Navrae: A van Vuuren

e-Leer-minuut: 0004/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO- en AOO-koördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en onderwysers van alle gewone openbare en spesiale skole

Onderwerp: Direktoraat: e-Leer se professionele onderwysersontwikkelingsprogram (DEL TPD)

1. Die e-leerdryfkrag van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is vasbeslote om professionele ontwikkelingsgeleenthede wat op digitale onderrig en leer fokus aan alle WKOD-onderwysers en amptenare te verskaf.

2. Digitale onderrig en leer dui op onderwyspraktyke wat geskikte digitale instrumente en hulpbronne gebruik om 'n onderwyser se onderrig en 'n leerder se leerervarings te versterk. Die doel is dus om die verwerwing van die kurrikulum se leerdoelwitte verder te verryk.

3. Die kapasiteitsbouportefeulje in die Direktoraat: e-Leer by Hoofkantoor is saam met e-leer se raadgewende spanne in die distrikte verantwoordelik vir die bestuur van die bekendstelling van die DEL TPD-program.

4. Om met die ontwikkeling van spesifieke digitale vaardighede te help, is 'n opleidingskieslys ontwikkel wat op vier verskillende ontwikkelingsvlakke fokus. Die tegnologie- en pedagogiematriks kan besigtig word deur die volgende skakel te gebruik:
https://wcedeteacher.wixsite.com/remoteeducation/trainingmenu.

5. Inligting vir hierdie ontwikkelingsvlakke word deur die nasionale riglyndokument, *Professionele Ontwikkelingsraamwerk vir Digitale Leer* (Departement van Basiese Onderwys, 2018) en ander leerteoriemodelle verskaf.

6. Die DEL TPD-program volg 'n tegemoetkomende opleidingsrooster en word voortdurend bygewerk volgens die behoeftes wat geïdentidfiseer en aangespreek word. Vir bygewerkte inligting oor die tegemoetkomende opleidingsprogram, opleidingskieslys en maandelikse beplanning per opleidingseenheid, volg asseblief die DEL TPD-inligtingspakket se skakel: https://bit.ly/DEL-TPD-info-pack.

7. **Bemiddelingsessies**

   Die program word deur e-leer se raadgewende spanne in die distrikte gekoördineer en daar kan met hulle in verbinding getree word om vir die sessies te registreer. (Kyk Bylae A.) Neem asseblief kennis dat die sessies tans aanlyn aangebied word.

8. **Selfgerigte geleenthede**

   Benewens die DEL TPD-program word geleenthede vir e-leeronderwysersontwikkeling ook verskaf deur selfgerigte leerinhoud. Vir verdere inligting oor die uitgebreide programme, besoek: https://wcedeteacher.wixsite.com/remoteeducation.

9. Direkteure en prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle amptenare en onderwysers te bring.

GETEKEN: H MAHOMED
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-07-22